Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

16 Oktober 2025

Geagte Ouers/Voogde

**EKSAMENREËLINGS – November-eksamen 2025**

Elke leerder ontvang vandag sy/haar eksamenrooster hier aangeheg. Bestudeer dit asseblief sorgvuldig saam met u kind.

1. Algemene reëlings vir **Gr 8 en 9**:

| | |
|---|---|
| Graad 8- en 9-leerders<br>Kom by **hek 7** in 30 ste laan in die skoolterrein in en gaan by **hek 7 in 30 ste laan** uit na afloop van jou eksamensessie.<br>**Ouers wat van die draaisirkel gebruik maak, gebruik hek 6 om hul kinders af te laai.** | |
| **DIE LEERDERS SE PROGRAM VERLOOP ELKE OGGEND AS VOLG TOT 21 NOVEMBER** | |
| 07:35 | Meld aan in voogklas |
| 07:35 – 8:00 | Voogperiode en teenwoordigheidsregister |
| 08:00 – 8:10 | Leerders beweeg na hul toegewysde Wiskunde klasse |
| 08:10 – 9:10 | Verpligte Wiskunde klasse |
| 09:10 – 9:40 | POUSE |
| 09:40 – 9:50 | Leerders en toesighouers beweeg na eksamenlokale |
| 9:50 – 10:00 | Vraestelle word uitgedeel en kontrole vraestel word behandel. |
| 10:00 – 10:10 | Leestyd |
| 10:10 | Begin skryf tot die vraestel klaar is en verdaag na skryftyd verstreke is. |

| PROGRAM VIR 21 NOVEMBER 2025 | |
|---|---|
| 07:35 | Meld aan in voogklas |
| 07:35 – 08:00 | Voogperiode en teenwoordigheidsregister |
| 08:00 – 08:30 | Leerders beweeg na vierkant waar me Dowd die afsluiting van die kwartaal sal behartig. |
| 08:30 – 08:40 | Leerders en toesighouers beweeg na eksamenlokale |
| 08:40 – 08:50 | Vraestelle word uitgedeel en kontrolevraestelle word behandel. |
| 08:50 – 09:00 | Leestyd |
| 09:00 | Begin skryf tot die vraestel klaar is en verdaag na skryftyd verstreke is. |

2. Verdaging na eksamensessies:

Leerders mag onder geen omstandighede in die parkie voor die skool wees nie en ook nie by die winkelsentrums of in die strate rondloop nie. Dit is hier waar moeilikheid ontstaan en waar leerders aan negatiewe elemente blootgestel word.

3. Afwesighede tydens die eksamen:

Alle leerders skryf hulle vraestelle soos op die eksamenrooster aangedui. Neem asseblief kennis dat geen vraestel op enige ander tyd of dag geskryf kan word nie. Slegs 'n doktersertifikaat en onvermydelike, persoonlike omstandighede byvoorbeeld begrafnisse, sal as wettige verskonings aanvaar word, sodat ‘n leerder nie ‘n nulpunt vir die vraestel wat nie geskryf is nie, kry nie. **Vervroegde vakansiereëlings tel nie as onvermydelike, persoonlike omstandighede nie**. Doktersbriewe word onmiddellik, op die dag, waarop die leerder terug is by die skool, by die voogonderwyser, vakonderwyser en afwesigheidskantoor ingedien.

**4. Wiskunde-klasse**

**Geen graad 8 en-9-leerder word van enige wiskunde klasse verskoon nie. Elke skooldag is ’n wetlik verpligte skooldag. Leerders wat nie die wiskunde klasse bywoon nie, sal by die distrikkantoor aangemeld word. Indien ’n leerder in totaal meer as 10 dae afwesig is, kan die leerder se lidmaatskap van die skool beëindig word.**

**Leerders wie nie saamwerk en fokus in die ekstra wiskunde klasse nie of die klasse ontwrig kan vir 7 dae uit die skool onttrek word totdat ‘n dissiplinêre verhoor gehou kan word. Dit kan lei tot uitsetting uit die skool. Vir vraestelle wat in die tyd plaasvind sal die leerder ’n nulpunt ontvang. Personeel doen ontsettend baie moeite en spandeer ekstra tyd aan voorbereiding om ons leerders optimaal geleenthede te gee om die werk baas te raak.**

**Ouers wat op sekere dae nie vervoer vir die leerders na wiskunde-klasse het nie kan me H Jansen van Vuuren per e-pos in die afwesighedekantoor kontak en reël dat die leerders in die toesiglokaal (NL) sit totdat hulle afgehaal kan word.**

5. Amanuenseleerders en eksamenportaalleerders let op die volgende:

5.1 Om 9:40 beweeg die amanuenseleerders na die algemene kantoor waar hulle die vraestelle en lokaalsleutels by me. Van der Merwe sal ontvang. Persone wat die amanuense afneem moet reeds om 9:15 by die kantoor aanmeld. Eksamenportaalleerders gaan om 9:40 na K212 waar hulle eksamen sal skryf. **Let daarop dat die program op 21 November anders verloop.** Dan meld die amanuenseleerders reeds om 8:40 by die kantoor aan om hul vraestelle en sleutels te ontvang. Persone wat amanuenses afneem moet reeds om 8:15 by die kantoor aanmeld op hierdie dag. Eksamenportaalleerders beweeg ook om 8:40 na K212 vir hul eksamen op hierdie dag.

5.2 Die amanuenseleerder beweeg dan na sy/haar toegewysde lokaal en kan dan om 10:00 met die vraestel begin. Op 21 November begin die leerders reeds 9:00 skryf.

5.3 Amanuenseleerders mag nie voor 'n uur verstreke is, hul amanuense- lokaal verlaat nie. Hul handig die sleutels by die algemene kantoor in by me R van der Merwe en word dan vergesel deur hul amanuenses na die eksamenlokaal waar die res van die klas eksamen skryf. Hul handig hul vraestel aan die einde van die sessie in, soos al die ander leerders in die klas.

5.4 Dit is die amanuensesleerder se verantwoordelikheid om die lokaal netjies agter te laat, die vensters toe te maak, die ligte af te skakel en te sluit nadat hy/sy klaar is met die eksamen. Dit is 'n voorreg om amanuenses te gebruik en as hulle die klasse misbruik kan hulle die voorreg verbeur. Moet dus asseblief nie in die personeel se laaie en kaste krap nie en laat die tafels en stoele soos u dit gekry het.

5.5 Die leerders wat slegs van ekstra tyd gebruik maak, skryf in hul eksamenlokale en die toegelate ekstra tyd sal aan die einde van die sessie aan hulle toegestaan word, mits hulle hulle konsessiebrief as bewys by hulle het.

**Alle eksamennavrae kan aan me. Olwage gerig word by esra.olwage@htsjv.co.za.**

JV-groete

Me. A. Dowd
Hoof

Me. E. Olwage
Adjunkhoof: Akademie en kultuur

| WEEK 1 | MAANDAG, 3 NOVEMBER 2025 | TYD | SESSIE | TYDSDUUR |
|---|---|---|---|---|
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | LOR | 10:10 – 11:10 | 2 | 1 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | TEGNOLOGIE | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| | **DINSDAG, 4 NOVEMBER 2025** | **TYD** | **SESSIE** | **TYDSDUUR** |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | TEGNOLOGIE | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | AFRIKAANS | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| | **WOENSDAG, 5 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | AFRIKAANS | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | LOR | 10:10 – 11:10 | 2 | 1 UUR |
| | **DONDERDAG, 6 NOVEMBER 2025** | **TYD** | **SESSIE** | **TYDSDUUR** |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | SW VR 1 | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | ENGELS | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| | **VRYDAG, 7 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | IGO | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | EBW VR 1 | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |

| WEEK 2 | **MAANDAG, 10 NOVEMBER 2025** | | | |
|---|---|---|---|---|
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | EBW VR 1 | 10:10 – 11:10 | 2 | 1 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | WISKUNDE VR 1 | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| | **DINSDAG, 11 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | WISKUNDE VR 1 | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | SKEPPENDE KUNSTE | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| | **WOENSDAG, 12 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | **DONDERDAG, 13 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | NW | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | SW VR 1 | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| | **VRYDAG, 14 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | ENGELS | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | IGO | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |

GENUINE SEDERT 1962

| WEEK 3 | MAANDAG, 17 NOVEMBER 2025 | TYD | SESSIE | TYDSDUUR |
|---|---|---|---|---|
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | SW VR 2 | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | EBW VR 2 | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| | **DINSDAG, 18 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | **WOENSDAG, 19 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | SKEPPENDE KUNSTE | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | NW | 10:10 – 11:40 | 2 | 1,5 UUR |
| | **DONDERDAG, 20 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | WISKUNDE VR 2 | 10:10 – 12:10 | 2 | 2 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE KLASSE | 8:10 – 9:10 | 1 | 1 UUR |
| | SW VR 2 | 10:10 – 11:40 | 2 | 1.5 UUR |
| | **VRYDAG, 21 NOVEMBER 2025** | | | |
| GRAAD 8 | EBW VR 2 | 9:00 – 10:00 | 1 | 1 UUR |
| GRAAD 9 | WISKUNDE VR 2 | 9:00 – 11:00 | 1 | 2 UUR |

# Inhandiging van handboeke aan die einde van 2025 vir alle leerders vanaf graad 8 tot 9

Elke leerder per graad handig die oggend wat hulle skryf hulle handboeke by die stoor in. Sien aangehegte lys vir graad 8 en 9.

- ✓ Alle handboeke vir **grade 8 tot 12 moet voor/op 21 November** ingehandig wees.
- ✓ ‘n Leerder gee persoonlik sy/haar boeke in omdat dit gekontroleer word of dit bruikbaar gaan wees vir die volgende jaar.
- ✓ Indien ‘n boek herstelbaar is, sal die boek ingeneem word, maar daar sal ‘n herstelfooi op ‘n rekening aan die ouer/voog gestuur word.
- ✓ Indien ‘n boek onherstelbaar is, kan die leerder die boek hou en daar sal ‘n vervangingsfooi op die rekening van die ouer/voog gestuur word.

Leerders wie se boeke nie alles op die laaste dag van die eksamen ingehandig is nie, sal ongelukkig die vervangingsfooi moet betaal. **Geen boeke word na 28 November meer ingeneem nie.**

**Die boekstoor is elke dag vanaf 3 November oop vanaf**

- 07:00 tot 7:30 en
- 11:30 tot 13:00

Dit bly elke leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat alle handboeke voor die sperdatum by die boekstoor ingehandig is.

Enige navrae rakende handboeke kan aan mev Neveling gerig word by magdan@htsjv.co.za

100% GENUINE JV TM SEDERT 1962

## Gr. 8 Handboek-inname

| Gr. 8 – vak volgens eksamenrooster | Handboek | Datum vir ingee van handboek |
|---|---|---|
| LOR | ○ Kollig op Lewensoriëntering | 3 November 2025 |
| Tegnologie | ○ Tenologie vir vandag | 4 November 2025 |
| Afrikaans | ○ Platinum – Afrikaans Huistaal<br>○ Die lewe volgens Wim Vermaak | 5 November 2025 |
| Engels | ○ Platinum – English First Additional Language | 14 November 2025 |
| SW | ○ Via Afrika – Sosiale Wetenskappe | 17 November 2025 |
| SK | ○ Via Afrika – Skeppende Kunste | 19 November 2025 |
| Wiskunde | ○ Anibrand | 20 November 2025 |

## Gr. 9 Handboek-inname

| Gr. 9 – vak volgens eksamenrooster | Handboek | Datum vir ingee van handboek |
|---|---|---|
| Tegnologie | ○ Tegnologie vir vandag | 3 November 2025 |
| Afrikaans | ○ Platinum – Afrikaans Huistaal<br>○ Veldiep<br>○ Douspoor<br>○ Die potlooddief en die engel | 4 November 2025 |
| LOR | ○ Kollig op Lewensoriëntering | 5 November 2025 |
| Engels | ○ Platinum – English First Additional Language<br>○ Platinum – English First Additional Language Reader | 6 November 2025 |
| SK | ○ Via Afrika – Skeppende Kunste | 11 November 2025 |
| SW | ○ Via Afrika – Sosiale Wetenskappe | 20 November 2025 |
| Wiskunde | ○ Anibrand | 21 November 2025 |